



# Provincial Gazette

# Provinsiale Koerant

8691

8691

Friday, 2 December 2022

Vrydag, 2 Desember 2022

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

## CONTENTS

## INHOUD

(\*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
<b>Provincial Notices</b>	
138 City of Cape Town Municipality (CPT): By-Election in Ward 56: 8 February 2023 .....	778
139 Western Cape Nature Conservation Board: Hunting Seasons, Daily Bag Limits and Hunting by the Use of Prohibited Hunting Methods .....	779
<b>Tenders:</b>	
Notices .....	783
<b>Local Authorities</b>	
Bergrivier Municipality: Closure .....	789
Bergrivier Municipality: Closure .....	789
Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions .....	790
Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions .....	790
City of Cape Town: Amendment of Condition .....	787
City of Cape Town: Closure .....	784
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	784
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	784
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	784
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	786
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	787
City of Cape Town: Amendment of Condition .....	787
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	788
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	798
City of Cape Town: Removal of Conditions .....	798
George Municipality: Removal of Restrictions .....	797
George Municipality: Removal of Restrictions .....	798
Hessequa Municipality: Amendment of Restriction .....	790
Hessequa Municipality: Removal of Restrictions .....	783
Hessequa Municipality: Removal of Restrictions .....	795
Hessequa Municipality: Removal of Restrictions .....	795
Kannaland Municipality: Subdivision and Rezoning .....	795
Knysna Municipality: Amendment of Restrictions .....	788
Knysna Municipality: Removal of Restrictions .....	789
Knysna Municipality: Removal of Restrictions .....	789
Matzikama Municipality: Notice .....	794
Overstrand Municipality: Removal of Title Deed Conditions, Departure and Administrative Penalty .....	796
Sale of Business .....	790
Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions .....	788

Nr.	Bladsy
<b>Provinsiale Kennisgewings</b>	
138 Stad Kaapstad Munisipaliteit CPT: Tussenverkiesing in Wyk 56: 8 Februarie 2023 .....	778
139 Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad: Jagseisoene, Daaglikse Jagbuit en Jag deur Gebruik te maak van Verbode Jagmetodes .....	781
<b>Tenders:</b>	
Kennisgewings .....	783
<b>Plaaslike Owerhede</b>	
Bergrivier Munisipaliteit: Sluiting .....	789
Bergrivier Munisipaliteit: Sluiting .....	789
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	790
Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	790
Stad Kaapstad: Wysiging van Voorwaarde .....	787
Stad Kaapstad: Sluiting .....	784
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes (Slegs Engels) .....	784
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	784
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	784
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	786
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	787
Stad Kaapstad: Wysiging van Voorwaardes .....	787
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	788
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	798
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes .....	798
George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	797
George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	798
Hessequa Munisipaliteit: Wysiging van Voorwaarde .....	790
Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	783
Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	795
Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Voorwaardes .....	795
Kannaland Munisipaliteit: Onderverdeling en Hersoneering .....	795
Knysna Munisipaliteit: Wysiging van Beperkings .....	788
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	789
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	789
Matzikama Munisipaliteit: Kennisgewing .....	794
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkende Titelaktevoorwaarde, Afwyking en Administratiewe Boete .....	796
Verkoop van Besigheid .....	790
Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	788

**PROVINCIAL NOTICE**

The following Provincial Notice is published for general information.

DR HC MALILA,  
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,  
Wale Street,  
Cape Town.

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

DR HC MALILA,  
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,  
Waalstraat,  
Kaapstad.

**ISAZISO SEPHONDO**

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

GQIR HC MALILA,  
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,  
Wale Street,  
eKapa.

**PROVINCIAL NOTICE**

P.N. 138/2022

2 December 2022

**PROVINCE OF THE WESTERN CAPE  
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPALITY (CPT)  
BY-ELECTION IN WARD 56: 8 FEBRUARY 2023**

Notice is hereby given in terms of section 25(3) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 56 of the City of Cape Town Municipality on Wednesday, 8 February 2023, to fill the vacancy in this ward.

Furthermore, notice is hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000) that the timetable for the by-election will soon be published in the Provincial Gazette of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Mr Gareth Morgan at Tel.: 021 400 7428.

Signed on this 18th day of November 2022.

**AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING**

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

P.K. 138/2022

2 Desember 2022

**PROVINSIE WES-KAAP  
STAD KAAPSTAD MUNISIPALITEIT (CPT)  
TUSSENVERKIESING IN WYK 56: 8 FEBRUARIE 2023**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 56 van die Stad Kaapstad Munisipaliteit gehou sal word op Woensdag, 8 Februarie 2023, om die vakatuur in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied hiermee verder ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingwet, 2000 (Wet 27 van 2000) dat die rooster vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die Provinsiale Koerant van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Mr Gareth Morgan by Tel.: 021 400 7428.

Geteken op hierdie 18de dag van November 2022.

**AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

**ISAZISO SEPHONDO**

I.S. 138/2022

2 kweyoMnga 2022

**IPHONDO LENTSHONA KOLONI  
UMASIPALA WESI XEKO SASE KAPA  
UNYULO LOVALO-SIKHEWU KUWADI 56: 8 FEBHUWARI 2023**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(3) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 56 kummandla woMasipala Wesi Xeko sase Kapa ngoLwesithathu umhla we-8 FEBHUWARI 2023, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo sikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphi na imibuzo ekhoyo ingabhekiswa KuMnu Gareth Morgan, kwifoni: 021 400 7428.

Sityikitywe ngalo mhla we-18 NOVEMBA 2022.

**AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO**

## PROVINCIAL NOTICE

P.N. 139/2022

2 December 2022

**WESTERN CAPE NATURE CONSERVATION BOARD**  
**NATURE CONSERVATION ORDINANCE, 1974**  
**(ORDINANCE 19 OF 1974)**

**WESTERN CAPE PROVINCE:**

**HUNTING SEASONS, DAILY BAG LIMITS AND HUNTING BY THE USE OF PROHIBITED HUNTING METHODS**

Notice is hereby given in terms of sections 78 and 79 of the Nature Conservation Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), that for the year 2023 the hunting seasons and the daily bag limits are, as set out in the third and fourth columns, respectively, of the Schedule hereto in the areas and in respect of the species of wild animals mentioned in the first and second columns, respectively, of the said Schedule. The operation of section 29 of the said Ordinance is suspended to the extent specified in the fifth column of the said Schedule in the areas and in respect of the species of wild animals and for the periods of the year 2023 indicated opposite any such suspension in the first, second and third columns, respectively, of the said Schedule.

**SCHEDULE**

(1) Area	(2) Species	(3) Hunting season and/or period during which prohibited hunting methods may be practised	(4) Daily bag limits	(5) Extent to which section 29 is suspended	
a) Whole Western Cape Province <b>excluding</b> all rural and urban areas situated in the Cape Peninsula.	Blesbok ( <i>Damaliscus pygargus phillipsi</i> )	1 January to 31 December	10	"Paragraph 29(i) - Bow-and-Arrow - Conditional and subject to compliance with CapeNature's "Implementation Guideline for bow hunting in the Western Cape Province, December 2011".	
	Impala ( <i>Aepyceros melampus melampus</i> )	1 January to 31 December	10		
	Gemsbok ( <i>Oryx gazella</i> )	1 January to 31 December	10		
	Springbok ( <i>Antidorcas marsupialis</i> )	1 January to 31 December	10		
	Blue wildebeest ( <i>Connochaetes taurinus</i> )	1 January to 31 December	10		
	Black wildebeest ( <i>Connochaetes gnou</i> )	1 January to 31 December	10		
	Fallow deer ( <i>Cervus dama</i> )	1 January to 31 December	10		
	Plains zebra ( <i>Equus quagga</i> )	1 January to 31 December	10		
	Nyala ( <i>Tragelaphus angasii</i> )	1 January to 31 December	10		
	Waterbuck ( <i>Kobus ellipsiprymnus ellipsiprymnus</i> )	1 January to 31 December	10		
	Warthog ( <i>Phacochoerus africanus sundevallii</i> )	1 January to 31 December	10		
	Bushpig ( <i>Potamochoerus larvatus koiropotamus</i> )	1 January to 31 December	2		
	Eland ( <i>Taurotragus oryx</i> )	1 July to 31 August	1		
	Red hartebeest ( <i>Alcelaphus buselaphus</i> )	1 July to 31 August	1		
Vervet monkey ( <i>Chlorocebus pygerythrus</i> )		1 January to 31 December	1		
	Baboon ( <i>Papio ursinus</i> )	1 January to 31 December	1		
	Rock dassie ( <i>Procavia capensis</i> )	1 January to 31 December	1		
	Hares ( <i>Lepus spp.</i> ) and Rabbits ( <i>Pronolagus spp.</i> ) (excluding Riverine rabbit - <i>Bunolagus sp.</i> )	1 January to 31 December	1		
	Common Quail ( <i>Coturnix coturnix</i> )	1 March to 30 April	2		
	Helmeted Guineafowl ( <i>Numida meleagris</i> )	1 January to 31 December	10		
	Speckled Pigeon ( <i>Columba guinea</i> )	1 January to 31 December	40 in total		
	Red-eyed Dove ( <i>Streptopelia semitorquata</i> )	1 January to 31 December			
	Laughing Dove ( <i>Streptopelia senegalensis</i> )	1 January to 31 December			
	Cape Turtle Dove ( <i>Streptopelia capicola</i> )	1 January to 31 December			
	Egyptian Goose ( <i>Alopochen aegyptiacus</i> )	1 January to 31 December	10		
	Spur-winged Goose ( <i>Plectropterus gambensis</i> )	1 January to 31 December	3		

	Yellow-billed Duck ( <i>Anas undulata</i> )	1 January to 30 April	5 in total	
	Cape Shoveler ( <i>Anas smithii</i> )			
	Southern Pochard ( <i>Netta erythrophthalma</i> )			
	South African Shelduck ( <i>Tadorna cana</i> )			
	Red-billed Teal ( <i>Anas erythrorhyncha</i> )			
	Cape Teal ( <i>Anas capensis</i> )			
(b) Whole Western Cape Province <b>excluding</b> all rural and urban areas situated in the Cape Peninsula	Red-necked Spurfowl ( <i>Pternistis afer</i> )	1 May to 31 July	3	"Paragraph 29(i) - Bow-and-Arrow - Conditional and subject to compliance with CapeNature's "Implementati on Guideline for bow hunting in the Western Cape Province, December 2011".
	Grey-winged Francolin ( <i>Scleroptila africanus</i> )	1 May to 31 July	3	
(c) Whole Western Cape Province <b>excluding</b> all rural and urban areas situated in the Cape Peninsula	Cape Spurfowl ( <i>Pternistis capensis</i> )	1 May to 31 July	6	
(d) Whole Western Cape Province <b>excluding</b> all the districts of Beaufort West, Mossel Bay, George, Knysna and Uniondale	Grey duiker ( <i>Sylvicapra grimmia</i> )	1 June to 31 August	1	
e) <b>Only</b> the districts of Mossel Bay, George, Knysna and Uniondale	Grey duiker ( <i>Sylvicapra grimmia</i> )	1 June to 31 July	1	
(f) Whole Western Cape Province, <b>excluding</b> the district of Knysna	Bush-buck ( <i>Tragelaphus scriptus sylvaticus</i> )	1 June to 31 July	1	
(g) Whole Western Cape Province <b>excluding</b> the districts of Darling, Piketberg, Clanwilliam, Citrusdal, Porterville, Tulbagh and Wolseley	Grey rhebok ( <i>Pelea capreolus</i> )	1 June to 31 August	1 in total for the year	
(h) <b>Only</b> the districts of Uniondale, Ladismith, Oudtshoorn, Laingsburg, Murraysburg, Beaufort West and Prince Albert	Kudu ( <i>Tragelaphus strepsiceros strepsiceros</i> )	1 May to 31 August	1	
(i) <b>Only</b> the districts of Bredasdorp and Swellendam	Kudu ( <i>Tragelaphus strepsiceros strepsiceros</i> )	1 January to 31 December	1	
(j) Whole Western Cape Province	Caracal ( <i>Caracal caracal</i> )	1 January to 31 December	1	Paragraph 29(d) – only cage-traps may be used
(k) Whole Western Cape Province	Black-backed jackal ( <i>Canis mesomelas</i> )	1 January to 31 December	1	

## PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 139/2022

2 Desember 2022

### WES-KAAPSE NATURBEWARINGSRAAD ORDONNANSIE OP NATURBEWARING, 1974 (ORDONNANSIE 19 VAN 1974)

#### WES-KAAP PROVINSIE:

#### JAGSEISOENE, DAAGLIKSE JAGBUIT EN JAG DEUR GEBRUIK TE MAAK VAN VERBODE JAGMETODES

Kennis geskied hiermee in terme van artikel 78 en 79 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), dat vir die jaar 2023 die jagseisoene en die daaglikse jagbuit vasgestel is, soos onderskeidelik uiteengesit in die derde en vierde kolom van die Bylae hiervan, in die gebiede en ten opsigte van die spesies wilde diere onderskeidelik genoem in die eerste en tweede kolom van gemelde Bylae. Die toepassing van artikel 29 van gemelde Ordonnansie wat in die vyfde kolom van gemelde Bylae gespesifiseer word is opgekort in die gebiede en ten opsigte van die spesies wilde diere en vir die tydperke van die jaar 2023 wat teenoor sodanige opskorting onderskeidelik in die eerste, tweede en derde kolom van gemelde Bylae aangedui word.

#### BYLAE

(1) Gebied	(2) Spesies	(3) Jagseisoen en/of tydperk waartydens verbode jagmetodes toegepas mag word	(4) Daaglikse Jagbuit	(5) Mate waarin artikel 29 opgekort is
(a) Hele Wes-Kaapprovinsie <b>uitgesluit</b> alle landelike & stedelike gebiede geleë in die Kaapse Skiereiland.	Blesbok ( <i>Damaliscus pygargus phillipsi</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	"Artikel 29(i) – Pyl en Boog – Voorwaardelik en onderhewig aan die nakoming van CapeNature se "Implementerings riglyne vir boogjag in die Wes Kaap, Desember 2011".
	Rooibok ( <i>Aepyceros melampus melampus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Gemsbok ( <i>Oryx gazella</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Springbok ( <i>Antidorcas marsupialis</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Blouwildebees ( <i>Connochaetes taurinus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Swartwildebees ( <i>Connochaetes gnou</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Takbok ( <i>Cervus dama</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Bont sebra ( <i>Equus quagga</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Njala ( <i>Tragelaphus angasii</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Waterbok ( <i>Kobus ellipsiprymnus ellipsiprymnus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Vlakvark ( <i>Phacochoerus africanus sundevallii</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Bosvark ( <i>Potamochoerus larvatus koiropotamus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	2	
	Eland ( <i>Taurotragus oryx</i> )	1 Julie tot 31 Augustus	1	
	Rooi hartebees ( <i>Alcelaphus buselaphus</i> )	1 Julie tot 31 Augustus	1	
	Blou-aap ( <i>Chlorocebus pygerythrus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
	Bobbejaan ( <i>Papio ursinus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
	Klipdassie ( <i>Procavia capensis</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
	Hase ( <i>Lepus spp.</i> ) en Konyne ( <i>Pronolagus spp.</i> ) (uitgesonderd Rivierkonyne- <i>Bunolagus sp.</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
	Afrikaanse kwartel ( <i>Coturnix coturnix</i> )	1 Maart tot 30 April	2	
	Tarentaal ( <i>Numida meleagris</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10	
	Kransduif ( <i>Columba guinea</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	40 in totaal	
	Grootringduif ( <i>Streptopelia semitorquata</i> )	1 Januarie tot 31 Desember		
	Rooiborsduif ( <i>Streptopelia senegalensis</i> )	1 Januarie tot 31 Desember		
Gewone Tortelduif ( <i>Streptopelia capicola</i> )	1 Januarie tot 31 Desember			
Kolgans ( <i>Alopochen aegyptiacus</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	10		
Wildmakou ( <i>Plectropterus gambensis</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	3		
Geelbekeend ( <i>Anas undulata</i> )	1 Januarie tot 30 April	5 in totaal		
Kaapse slopeend ( <i>Anas smithii</i> )				
Bruineend ( <i>Netta erythrophthalma</i> )				
Kopereend ( <i>Tadorna cana</i> )				
Rooibekeend ( <i>Anas erythrorhyncha</i> )				
Teeleend ( <i>Anas capensis</i> )				

b) Hele Wes-Kaapprovinsie <b>uitgesluit</b> alle landelike & stedelike gebiede geleë in die Kaapse Skiereiland	Rooikeelfisant ( <i>Pternistis afer</i> )	1 Mei tot 31 Julie	3	"Artikel 29(i) – Pyl en Boog – Voorwaardelik en onderhewig aan die nakoming van CapeNature se "Implementerings riglyne vir boogjag in die Wes Kaap, Desember 2011".
	Bergpatrys ( <i>Scleroptila africanus</i> )	1 Mei tot 31 Julie	3	
c) Hele Wes-Kaapprovinsie <b>uitgesluit</b> alle landelike & stedelike gebiede geleë in die Kaapse Skiereiland	Kaapse Fisant ( <i>Pternistis capensis</i> )	1 Mei tot 31 Julie	6	
d) Hele Wes-Kaapprovinsie <b>uitgesonderd</b> alle distrikte van Beaufort Wes, Mosselbaai, George, Knysna en Uniondale	Duiker ( <i>Sylvicapra grimmia</i> )	1 Junie tot 31 Augustus	1	
e) <b>Slegs</b> die distrikte van Mosselbaai, George, Knysna en Uniondale	Duiker ( <i>Sylvicapra grimmia</i> )	1 Junie tot 31 Julie	1	
(f) Hele Wes-Kaapprovinsie, <b>uitgesonderd</b> die distrik van Knysna	Bosbok ( <i>Tragelaphus scriptus sylvaticus</i> )	1 Junie tot 31 Julie	1	
(g) Hele Wes-Kaapprovinsie <b>uitgesonderd</b> alle distrikte van Darling, Piketberg, Clanwilliam, Citrusdal, Porterville, Tulbagh en Wolseley	Vaalribbok ( <i>Pelea capreolus</i> )	1 Junie tot 31 Augustus	1 in totaal vir die jaar	
(h) <b>Slegs</b> die distrikte van Uniondale, Ladismith, Oudtshoorn, Laingsburg, Murraysburg, Beaufort-Wes en Prins Albert	Koedoe ( <i>Tragelaphus strepsiceros strepsiceros</i> )	1 Mei tot 31 Augustus	1	
(i) <b>Slegs</b> die distrikte van Bredasdorp en Swellendam	Koedoe ( <i>Tragelaphus strepsiceros strepsiceros</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
(j) Hele Wes-Kaap Provinsie	Rooikat ( <i>Caracal caracal</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	
(k) Hele Wes-Kaap Provinsie	Rooijakkals ( <i>Canis mesomelas</i> )	1 Januarie tot 31 Desember	1	



**TENDERS**

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**

## THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSENT USE AND REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITION: ERF 590, GREYTON.**

**Applicant:** A Redelinghuys, Umsiza Planning, PO Box 649, Robertson, 6705.

**Reference number:** GRE/590 (and App ID: 3555).

**Property Description:** Erf 590, Greyton.

**Physical Address:** Uitkyk Primary School, 30 Park Street, Greyton.

**Notice Number:** KOR 34/2022

**Detailed description of proposal:**

Application for **Consent Use** to regularise the 24m high triangular freestanding base telecommunication station on Erf 590, Greyton, in terms of Section 15(2)(o) of the Theewaterskloof Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015; and

Application for the **Removal of Restrictive Title deed Condition** of unnumbered condition: "And the Appearer on behalf of his last above constituents declared to hereby accept Transfer of the property herein before described and donated as a site for school purposes", in terms of Section 15(2)(f) of the Theewaterskloof Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning, 2015.

Notice is hereby given in terms of the Theewaterskloof Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (2015) that the abovementioned application has been received and is available for inspection from **2 December 2022 to 31 January 2023** during office hours at the **Town Planning and Building Control department at 6 Plein Street, Caledon, 7230 and Greyton Town office**. Any written comments or objections may be addressed in terms of section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, **P.O Box 24, Caledon, 7230/ Fax: 028 214 1289/E-mail: twkmun@twk.org.za** on or before **31 January 2023** from the date of publication of this notice, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to **Mrs S. du Toit: Administrator/Town Planning at 028 214 3300**. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

2 December 2022

22752

## HESSEQUA MUNICIPALITY

**ERF 498 STILBAAI WEST: REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 15(2)(f) of the Hessequa Municipality: By-Law on Land Use Planning, 2015 (P.N. 287 of 2015) that the competent authority, removed condition B.13(b)&(d) from Title Deed T25601/2022 applicable to Erf 498 Stilbaai West.

2 December 2022

22755

**TENDERS**

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**

## THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK EN OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTE VOORWAARDE: ERF 590, GREYTON**

**Aansoeker:** A Redelinghuys, Umsiza Beplanning, Posbus 649, Robertson, 6705.

**Verwysingsnommer:** GRE/590 (en App Id: 3555)

**Grond Beskrywing:** Erf 590, Greyton.

**Fisiese adres:** Parkstraat 30, Greyton (Uitkyk Laerskool)

**Kennisgewingsnommer:** KOR 34/2022

**Volledige beskrywing van aansoek:**

Aansoek om **Vergunningsgebruik** om die bestaande 24m hoë driehoekige vrystaande basis telekommunikasie stasie te wettig op Erf 590, Greyton, ingevolge Artikel 15(2)(o) van die Theewaterskloof Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015; en

Aansoek om **Opheffing van beperkende titelakte voorwaarde** van ongenommerde voorwaarde: "And the Appearer on behalf of his last above constituents declared to hereby accept Transfer of the property herein before described and donated as a site for school purposes", op Erf 590, Greyton ingevolge Artikel 15(2)(f) van die Theewaterskloof Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015.

Kennis word hiermee gegee ingevolge van die Theewaterskloof Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondsgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie gedurende kantoorure vanaf **2 Desember 2022 tot 31 Januarie 2023** by die **Departement Stadsbeplanning en Boubeheer, Caledon by 6 Plein straat, Caledon, 7230 en Greyton Dorpskantoor**. Enige skriftelike besware of kommentaar teen die voorstel kan ingevolge Artikel 50 van die genoemde wetgewing aan die Munisipale Bestuurder, **Posbus 24, Caledon, 7230/Faks no. 028 214 1289/E-pos twkmun@twk.org.za** gestuur word op of voor **31 Januarie 2023** na die publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding van jou naam, adres of kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word na **Mev. S. du Toit: Administrateur/Stadsbeplanning by 028 214 3300**. Die Munisipaliteit kan weier om enige kommentaar te aanvaar wat na die sluitingsdatum ontvang word. Persone wie nie kan skryf nie, kan by die munisipale kantoor aanmeld en 'n munisipale amptenaar sal behulpsaam wees om die relevante kommentaar of inligting skriftelik te dokumenteer

2 Desember 2022

22752

## HESSEQUA MUNISIPALITEIT

**ERF 498 STILBAAI WES: OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 15(2)(f) van die Hessequa Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 (P.K. 287 van 2015) dat die Bevoegde Gesag, voorwaarde B.13(b)&(d) uit Titelakte T25601/2022 van toepassing op Erf 498 Stilbaai Wes, opgehef het.

2 Desember 2022

22755

<p>CITY OF CAPE TOWN</p> <p><b>CLOSURE OF A PORTION OF PUBLIC ROAD ADJOINING ERVEN REMAINDER 308 AND 309 BRACKENFELL</b></p> <p>Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town Immovable Property By-Law 2015, that a portion of public road adjoining Erven Remainder 308 and 309 Brackenfell, is closed.</p> <p>SG ref. no.: S/9715/2 V. 1 p200</p> <p><b>LUNGELO MBANDAZAYO</b> <b>CITY MANAGER</b></p> <p>2 December 2022</p>	<p>STAD KAAPSTAD</p> <p><b>SLUITING VAN 'N GEDEELTE OPENBARE PAD AANLIGGEND ERWE RESTANT 308 EN 309 BRACKENFELL</b></p> <p>Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 4 van die Stad Kaapstad se Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, dat n gedeelte openbare pad aanliggend erwe restant 308 en 309 Brackenfell, gesluit is.</p> <p>LG verw. nr.: S/9715/2 V. 1 p200</p> <p><b>LUNGELO MBANDAZAYO</b> <b>STADSBESTUURDER</b></p> <p>2 Desember 2022</p>
22757	22757

## CITY OF CAPE TOWN

## CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Tommy Brummer Town Planners **removed** conditions as contained in Title Deed No. T59747/2018, in respect of Erf 58905 Cape Town, in the following manner:

**Removed conditions:**

- Condition C(3) which reads That no excavation shall be made on the said land for the purpose of removing sand, stone, rubble, gravel, clay or soil, without written consent of the Company or its successors in title as aforesaid.
- Condition C(5) which reads That a space of not less than 3,15 metres in width be left in front of the said lot(s) where it (they) abut(s) on ROKEBY ROAD. Such space may be used as a garden or forecourt.
- Condition C(6) which reads That not more than one dwelling be erected on the said lot(s) and that not more than half the area thereof be built upon.

2 December 2022

22758

<p>CITY OF CAPE TOWN</p> <p><b>CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015</b></p> <p>Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by TINA AND GORDON CLAASEN/ 35, its own initiative removed conditions as contained in Title Deed No. T 9766/2015, in respect of Erf 35, GOODWOOD, in the following manner:</p> <p>Removed conditions:</p> <p>— Condition B(c) relating to “that not more than one third of the area of the erf be built upon”.</p> <p>— Condition B(d) relating to “that no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4.72 metres to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 1.57 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf”.</p> <p>2 December 2022</p>	<p>STAD KAAPSTAD</p> <p><b>STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015</b></p> <p>Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur TINA AND GORDON CLAASEN/35 die volgende voorwaardes soos vervat in titelakteno. T 9766/2015, ten opsigte van Erf 35 GOODWOOD opgehef het:</p> <p>Voorwaardes opgehef:</p> <p>— Voorwaarde B(c) “dat nie meer as 'n derde van die oppervlakte van hierdie erf bebou word nie”.</p> <p>— Voorwaarde B(d) “dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, nader as 4,72 meter aan die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf vorm, opgerig word nie. Geen sodanige gebou of strukture mag nader as 1,57 meter vanaf die laterale grens gemeenskaplik aan enige aangrensende erf geleë wees nie.”</p> <p>2 Desember 2022</p>
22759	22759

<p>CITY OF CAPE TOWN</p> <p><b>CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015</b></p> <p>Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Sydney Holden Town Planners removed conditions as contained in Title Deed No. T 43123/2021, in respect of Erf 1438, GORDONS BAY, in the following manner:</p> <p>Removed conditions: C.(iii)(b) and C.(iii)(d)</p> <p>2 December 2022</p>	22765
--	-------

<p>STAD KAAPSTAD</p> <p><b>STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015</b></p> <p>Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Sydney Holden Town Planners die volgende voorwaardes soos vervat in titelakteno. T 43123/2021 ten opsigte van Erf 1438 GORDONSBAAI opgehef het:</p> <p>Voorwaardes opgehef: C.(iii)(b) en C.(iii)(d)</p> <p>2 Desember 2022</p>	22765
---	-------



## SWARTLAND MUNICIPALITY

## NOTICE 42/2022/2023

**PROPOSED REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE  
CONDITION, CONSENT USE AND DEPARTURE OF  
DEVELOPMENT PARAMETERS ON ERF 1827,  
MALMESBURY**

Applicant:	CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299. Tel nr. 022-4821845
Owner:	WA van Reenen, 70 Bergzicht Street, Malmesbury, 7300. Tel no. 0836083180
Reference number:	15/3/5-8/Erf_1827 15/3/10-8/Erf_1827 15/3/4-8/Erf_1827
Property Description:	Erf 1827, Malmesbury
Physical Address:	Situated at 70 Bergzicht Street, Malmesbury

**Detailed description of proposal:**

An application for the removal of restrictive title conditions on Erf 1827, Malmesbury, in terms of section 25(2)(f) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that condition C(c) and C(e) of Deed of Transfer T32400/2016 be removed from the relevant deed. The purpose of the removal is to remove restriction regarding the use of the premises only for residential purposes and building lines.

The application for consent use for a place of education on Erf 1827, Malmesbury, in terms of section 25(2)(o) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. The proposal entails that the place of education (swimming school) will be operated from a portion (150m<sup>2</sup> in extent) of the premises.

The application for a departure from development parameters on Erf 1827, Malmesbury, in terms of section 25(2)(b) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. The departure entails the departure from the 1,5m side building line (northern boundary) to 0m in order to accommodate an existing roof.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before **27 January 2023 at 17:00**, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

**J J SCHOLTZ, Municipal Manager**

Municipal Office  
1 Church Street  
Private Bag X52  
MALMESBURY  
7300

2 December 2022

22760

## SWARTLAND MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING 42/2022/2023

**VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKENDE  
TITELVOORWAARDES, VERGUNNINGSGEBRUIK EN  
AFWYKING VAN ONTWIKKELINGSPARAMETERS OP  
ERF 1827, MALMESBURY**

Aansoeker:	CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299. Tel no. 022-4821845
Eienaar:	WA van Reenen, Bergzichtstraat 70, Malmesbury, 7300. Tel no. 0836083180
Verwysingsnommer:	15/3/5-8/Erf_1827 15/3/10-8/Erf_1827 15/3/4-8/Erf_1827
Eiendomsbeskrywing:	Erf 1827, Malmesbury
Fisiese Adres:	Geleë te Bergzichtstraat 70, Malmesbury

**Volledige beskrywing van aansoek:**

Die aansoek om opheffing van beperkende voorwaardes op Erf 1827, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(f) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat voorwaarde C(c) en C(e) van Transportakte T32400/2016, van die betrokke akte, verwyder moet word. Die doel van die opheffing is om die beperkings rakende die gebruik van die perseel slegs vir bewoningsdoeleindes en boulyne te verwyder.

Die aansoek vir vergunningsgebruik vir 'n plek van onderrig op Erf 1827, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat die plek van onderrig (swemskool) bedryf sal word vanaf 'n gedeelte (groot 150m<sup>2</sup>) van die perseel.

Die aansoek vir afwyking van ontwikkelingsparameters op Erf 1827, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(b) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die afwyking behels die afwyking van die 1,5m syboullyn (noordelike sygrens) na 0m ten einde 'n bestaande afdak te akkommodeer.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **27 Januarie 2023 om 17:00**. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

**J J SCHOLTZ, Munisipale Bestuurder**

Munisipale Kantoor  
Kerkstraat 1  
Privaatsak X52  
MALMESBURY  
7300

2 Desember 2022

22760

## SWARTLAND MUNICIPALITY

## NOTICE 43/2022/2023

PROPOSED REZONING OF ERF 722,  
MALMESBURY

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299. Tel nr. 022-4821845

Owner: Flagstone Inv 35 CC, 61 Hugenote Street, Malmesbury, 7300. Tel no. 022-4872858

Reference number: 15/3/3-8/Erf\_722

Property description: Erf 722, Malmesbury

Physical address: Situated at 5 Croeser Avenue, Malmesbury

**Detailed description of proposal:**

The application for rezoning of Erf 722, Malmesbury in terms of section 25(2)(a) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 722 (1152m<sup>2</sup> in extent) be rezoned from Residential Zone 1 to Business Zone 1 in order to convert the existing dwelling into offices.

